

Dique sien kans vir nóg uitdagings

Deur NICO VAN BURICK

Mnr. Johan Dique, uitredende besturende direkteur van Senwes, sê hy sien kans vir soortgelyke uitdagings vorentoe.

Hy het verras toe hy aangekondig het dat hy Senwes se diens op 31 Mei gaan verlaat – ná drie kontraktermyne van gesamentlik sowat nege jaar. Hy sê hy doen dit nie met die oog op iets anders nie. "Ek meen ek het my doelwitte bereik. Daar is nou nuwe uitdagings in 'n nuwe era en dit is 'n gepaste tyd om vir iemand anders om die proses met nuwe insigte vorentoe te neem."

Dique sê hy gaan 'n paar weke eers tyd saam met sy gesin deurbring en sy "eie ding doen" voor hy sal aandag skenk aan 'n nuwe loopbaan en geleentheid wat hom mag voordoen.

In die bedryf is hy bekend as 'n omdraai-strateeg. Onder sy leiding is Senwes binne 'n dekade geneem van amper bankrotenskap tot die grootste wins in die maatskappy se 100-jarige bestaan. In 2001 was die verlies R450 miljoen teenoor verlede jaar se rekordwinst van R368 miljoen. Voor dit het hy onder meer 'n soortgelyke regruk-aksie by Suidwes Landbou uitgevoer.

"Dit is eintlik nie moeilik nie. Dit is bloot 'n reeks prosesse wat deur harde werk reg uitgevoer moet word. Die ergste is miskien dat 'n mens emosioneel gedreineer word, maar hoe meer 'n mens die proses deurloop, hoe meer leer jy en hoe makliker word dit." Hy sê hy het geen spesifieke voorkeur van dit waarby hy volgende betrokke wil raak nie. "Ek sien kans vir 'n uitdaging. As iemand in groot moeilikheid is en hulle vra my hulp, sal ek dit oorweeg."

Mnr. Francois Strydom, direkteur van bedrywe by Senwes sedert Junie 2002, sal van Junie af as besturende direkteur waarneem tot verdere kennisgewing.

Maatskappyenuus

Tien takke kos R110m.

Die landbougroep MGK het R110 miljoen vir Afgri se tien handelstakke in die Laeveld betaal.

Die genoteerde landboumaatskappy Afgri het verlede Julie sy planne om van dié takke, wat nie deel van sy kernsakebedrywighede vorm nie, ontslae te raak deur dit aan MGK te verkoop. Die maatskappy het gesamentlik bekend gemaak dat die transaksie beklink is.

MGK het R47,5 miljoen betaal vir die takke en nie-roerende bates en ongeveer R62,5 miljoen vir bestaande voorraad.

Die tien handelstakke is op Brits, Thabazimbi, Vaalwater, Marble Hall, Groblersdal, Burgersfort, Hoedspruit, Barberton, Malelane en Komatipoort.

Die transaksie sluit alle megasiasie-afdelings uit.

Die takke sal voorts onder die naam Obaro – MGK se handelsnaam – bedryf word. Die takke op Brits, Groblersdal en Thabazimbi sal by Obaro se bestaande takke op dié dorpe inskakel.

Obaro se tak op Vaalwater sal by die bestaande Afgri-tak inskakel en sake sal vanaf die huidige Afgri-perseel geskied.

Op Marble Hall sal die twee takke mettertyd ook saamsmelt en sake sal ook daar vanaf die Afgri-perseel bestuur word.

Meeste lede van OKLK sê ja

Deur THEUNS BOTHA

Op 'n spesiale bestuurvergadering op Queenstown het 87,8 % van Oos-Kaap Landboukoöperasie (OKLK) se lede ten gunste van die samesmelting met BKB gestem. Altesame 89,2 % het ingestem dat die statuut verander word om die verdeling van reserwes van OKLK vanaf 20 Februarie vanjaar, terugwerkend vir sewe jaar, op die omset van lede te bereken.

Mnr. Kobus Goosen, besturende direkteur van OKLK, sê die lede wat die vergadering bygewoon het, is baie tevrede met die uitslag. Die nodige aansoek sal nou by die mededingingswerkhede ingedien word. "Hoewel ons oortuig is dat dit suksesvol sal wees, kan dit tot drie maande duur om die stempel van goedkeuring te kry."

Goosen het die besluit bestempel as 'n "tydige verloop van sake waaruit produsente en personeel van BKB en OKLK net kan wen".

Albei maatskappy is in hul skik met die verloop van sake. "Ons spanne sien uit om die uitdagings saam aan te pak en tot diens en voordeel van landbou en BKB se aandeelhouers te begin werk," lui 'n gesamentlike nuusvrystelling.

Voermaatskappy help

Deur THEUNS BOTHA

Ondanks ligte reën wat oor die deur droogtegeteisterde Oos-Kaapse kusgebied uitgesak het, is melkboere steeds in die drukgang. Om verligting te bring, het 'n bekende veevoermaatskappy besluit om 'n rabat van nagenoeg R2,8 miljoen op sy produkte wat in Maart en April gebruik is, toe te staan.

Mnr. Andy Crocker, bedryfsbestuurder van Meadow Voer in die Oos-Kaap, het tydens 'n werksessie om 'n droogte-strategie vir die streek te bespreek, bekend gemaak dat sy maatskappy verskeie maatreëls gaan instel om hul klante tegemoet te kom.

Dit sluit die vervaardiging van 'n rantsoen in wat teen 'n afslagprys aan boere beskikbaar gestel is en 'n subsidie op die vervoer daarvan. Die kontantprys ("spot"-prys) van mielies is gebruik om te bereken teen watter prys dit beskikbaar gestel is.

Volgens Crocker is boere op 'n eerste-daar-eerste-klaar-reël bedien en die spesiale aanbod was nie net tot die maatskappy se klante beperk nie.

Mnr. Roedolf Steenkamp, besturende direkteur van Astral Feeds (Meadow is deel van Astral) se voedingsafdeling, sê omdat nagenoeg die helfte van die maatskappy se nie-geïntegreerde sake met dié melkbedryf is, dit belangrik is om diegene wat deur die droogte geraak word se kontantvloeiopposisie deur middel van die rabat te help verbeter. Danksy die onlangse styging in melkpryse en die relatief goeie pryse waarteen kragvoer in die algemeen beskikbaar is, kan dit boere baat om in die droogtetijd hul koeie te voer.

Boere met wie *Landbouweekblad* gepraat het, het die prysverlaging verwelkom en die hoop uitgespreek dat ook ander voermaatskappy die voorbeeld sal navolg.

Net een versprei die diatomiet

Die dieregesondheidsonderneming Animate Animal Health het bekend gemaak dat hy die alleenreg verkry het om Diatoms Organiese Dieregesondheid se middels in die vee- en pluimveemark te versprei en verder te ontwikkel.

Dr. Hinner Köster, tegniese direkteur van Animate, sê dié spesifieke bronne van diatomiet word 'n gepatenteerde proses vervaardig met unieke eienskappe wat meer doeltreffend as ander bronne van diatomiet is. Diatomiet is afkomstig van skelet-fossiele van mikroskopiese organismes wat sowat 20 miljoen jaar gelede in varswaterbronne in die Noord-Kaap geleef het.

Köster sê dit kan 'n betekenisvolle gesondheids-, prestasie- en ekonomiese omwenteling in diereproduksie meebring, onder meer in die bestryding van inwendige en uitwendige parasiete. "Omdat die produk organies en dus vry van chemiese middels is, word daar nie weerstand daarteen opgebou soos met chemiese middels nie," sê hy.

Hoewel verskeie jare se navorsing reeds internasionaal en plaaslik uitstekende resultate in 'n verskeidenheid spesies toon, werk Animate volgens hom saam met die Universiteit van Pretoria om wetenskaplik die doeltreffendheid van diatomiet te bevestig en verder die aanwending daarvan te optimaliseer. Na verwagting sal die produk later vanjaar, na voltooiing van die proewe, amptelik bekend gestel word.